

**Donderdag 19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Matteus 18:15-17; Hebreërs 10:23-25**

**Fokusgedeelte: Matteus 18:15; HK Sondag 31, Vraag 85**

### **Die onderlinge tug**

Voordat die kerklike tug deur 'n kerkraad toegepas kan word, moet die *selftug* en *onderlinge tug* eers in werking gestel word. *Selftug* beteken dat 'n persoon self moet toon dat hy berou het oor sy sonde en met alle mag daarteen stry (1 Kor. 11:28). Wat die *onderlinge tug* betref, moet daar volgens die bevel van Christus in Matteus 18:15-17 soos volg opgetree word: As jou medege-lowige sondig, bestraf hom onder vier oë. As hy daarna met die sonde voort-gaan, bestraf hom weer, maar in die teenwoordigheid van een of twee getuies. As hy dan nog nie luister nie, sê dit aan die kerkraad sodat hulle met die kerklike tug kan voortgaan.

Hieruit is dit duidelik dat die onderlinge tug eers toegepas moet word voor-dat tug deur die kerkraad oorweeg word. Dit is beslis 'n saak waaraan drin-gend aandag gegee moet word. Van hierdie onderlinge tug behoort daar veel meer tereg te gekom. Dit is trouens ook die weg van die Christelike liefde. Daarom mag ons nie die liefdelose houding van Kain aanneem wat gesê het dat hy nie sy broer se oppasser is nie (Gen. 4:9).

In die brief aan die Hebreërs (10:24) word ook gesê: “Laat ons na mekaar *omsien* deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dae.” Dit is besonder treffend dat die woord wat met *omsien* vertaal is, eintlik beteken *dat ons nou-keurig op mekaar moet ag gee bykans soos spioene*. So noulettend moet ons na mekaar se leer en lewe omsien. Ons moet dit nie doen om van mekaar te skinder nie, maar om mekaar tot liefde en goeie dae aan te spoor en om mekaar te help om nie van die gebooie van die Here af te wyk nie.

As ons dit nie doen nie, kan ons voor God skuldig staan aan geestelike moord. Die Here het immers aan Esegjël gesê: “En wanneer iemand wat tot dusver reg gelewe het, die regte lewe laat vaar en onreg doen, en Ek bring hom tot 'n val, sal hy sterwe. *Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf*, en sal die goeie dinge wat hy gedoen het, nie onthou word nie, *maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood*” (1953-vertaling: “... sy bloed sal Ek van jou hand eis”) (Eseg. 3:20). Dit is onderlinge tug.

As die onderlinge tug ook nie help om 'n persoon van sy sonde te laat afsien nie, moet voortgegaan word met die kerklike tug. Die kerklike tug word egter nie toegepas om mense wat sonde gedoen het en daarna berou gekry het en hulle bekeer nie (Ps. 51:19; Joh. 8:11), maar op hulle wat in hulle sondes volhard en “nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie” (HK).